



WEEK EEN

DAG 3

JOHANNES 3:16

WIE IS JESUS?

Ons leer God ken as Vader, Seun en Heilige Gees in die Bybel. Hy is een God maar drie Persone. Hoe kan dit moontlik wees?

Soms kan hierdie verwarrend wees vir mense. Ek hou daarvan om dit te verduidelik deur water as 'n vergelyking te gebruik. Water is een chemiese samestelling maar dit kom voor in drie verskillende vorme, naamlik 'n vastestof, vloeistof en 'n gas. Ons ken dit as Ys, water en stoom: een ding, maar drie vorme. Hierdie metafoor help ons om te verstaan dat ons een God in die Bybel leer ken, maar hy openbaar homself as Vader en Seun en Heilige Gees.

Kom ons lees die boek van Johannes, wie een van die eerste volgelinge van Jesus was:

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.” (Johannes 3:16-17)



Ons ontdek in die Bybel dat die Seun van God bekend staan as Jesus. Vandag wil ek hom aan jou bekend stel. Ons lees van Sy geboorte, Sy lewe, Sy bediening na mense toe, Sy leringe en die wonderwerke wat Hy gedoen het. Dan sien ons dat hy gekruisig was namens die hele mensdom.

Ons ontdek dan dat Hy uit die dood uit opgestaan het soos ongeveer 500 mense gesien het. Geskiedenis bevestig Jesus se bestaan, en tot vandag is die boeke wat oor Hom geskryf is, die meeste van enige ander onderwerp op aarde. As ons spring na vandag toe, dan wil ons vir jou wys hoedat 2000 jaar terug se gebeure vandag nog relevant is: God wil die wêreld red. Hy begeer dat niemand verlore sal gaan vir die ewigheid nie.

Die vraag is dus: Ken jy Jesus? Besef jy dat Hy 'n Redder in jou lewe wil wees? Hy is die Redder van die wêreld soos ons lees in Johannes 3:16. Hy begeer dat ons hom sal ken, nou en tot in ewigheid.

Ewige lewe beteken eenvoudig dat ons verhouding met God herstel is en dat ons in 'n kwaliteit verhouding met Hom lewe. Deur ons geloof in Jesus ontdek ons God se liefde vir ons. Biljoene mense het dieselfde ontdekking al gemaak en glo vandag in Jesus, die Seun van God!



VERKLARING

“JESUS, EK WIL ALLES VAN U WEET.”

go.doxadeo.org/groei3



